RINGBALL SOUTH AFRICA

www.ringbalsa.co.za

Posbus 35702
Menlopark
0102

Tel: (012) 426 8292 (b)
Cell: 082 797 1580
Fax: 086 656 7885
email: letitia@agsa.co.za

RingbalSA/Omsendbrief 6/2014

1 Junie 2014

Aan: Distrikte

Is: Klubkampioenskappe

Die formaat van die klubkampioenskappe word verander aangesien daar drie distrikte is wat nie spanne ingeskryf het nie. Die indeling van die poele sal gedoen word volgens die uitslae van 2013 se nasionale kampioenskappe. Daar sal slegs drie poele wees by die mans en dames, en slegs die wenner van elke poel sal dan na die finale deurdring waar daar dan twee wedstryde gespeel gaan word om die dag se wenner en bywenner te bepaal. Die span met die hoogste ligapunt is die wenner, en indien twee spanne met dieselfde ligapunte eindig, sal die verskil in doelpunte (punte vir en teen) die bepalende faktor wees van watter span wen.

Die inskrywingsgelde is soos volg: R50,00 per span en R10.00 per speler en spanbestuurder, met ander woorde, as daar 12 spelers en ‘n spanbestuurder is, is dit R130.00 plus R50.00 per span = R180.00 per span wat deelneem. Gelde kan vooraf inbetaal word in RingbalSA se rekening en die bewys van betaling moet Saterdag aan Lanie van Wyk gegee word. Daar sal ook Saterdag gelde in kontant ontvang word wat by Lanie van Wyk inbetaal moet word. Alle finansiële verpligtinge moet afgehandel word voor die aanvang van die wedstryde. Elke distrik moet ook een skeidsregters stuur, en sou ‘n distrik nie ‘n skeidsregter hê nie sal die distrik met R250.00 beboet word.

Dankie

Letitia Greenberg

SEKRETARIS-GENERAAL